

## Die gedaante van die historiese feit op film: 'n Sintese tussen waarheid en verdigsel

LEON VAN NIEROP•

Hollywood het nog altyd 'n voorliefde vir verglansing gehad. Moenie dat die waarheid in die pad van 'n goeie flik staan nie, was dikwels hul leuse. Daarom het vervaardigers, skrywers, regisseurs en selfs akteurs al dikwels skerp kritiek ontlok vir die wyse waaarop die waarheid verdraai of “aangepas” is om die goue kalf wat oor die loket waak, te dien. Die jongste voorbeeld is *The Insider* (1999), Michael Mann se weergawe van 'n berugte tabakhofsaak. Dit gaan oor 'n werknemer by een van Amerika se magtigste en mees invloedryke sigaretvervaardigers wat sy werkgewers hof toe gesleep het as gevolg van onregverdige ontslag. Ook omdat hulle geweier het om te erken dat hulle sekere middels by sigarette gevoeg het wat dit nog meer verslawend gemaak het. Die rolprent konsentreer op die joernalis van die gerespekteerde program *60 Minutes* se pogings om die werknemer, Jeffrey Wigand, so ver te kry om die waarheid op televisie openbaar te maak. Die groot probleem was die televisiemaatskappy se weiering om die program uit te saai uit vrees vir 'n grootskaalse dagvaarding wat miljarde rande sou beloop. In 'n onderhoud het diegene, op wie *The Insider* se karakters gegrond is, gesê dat die feite verglans en aangepas is om die storie interessanter te maak en dat hulle dit beskou as “'n flagrante mistasting”. Die rolprent het sewe Oscar-nominasies gekry. Dit lyk dus inderdaad of Hollywood graag “die waarheid lieg” of net op sekere feite konsentreer wat die alwetende verteller van die rolprent se sak of gewete sou pas.

Voordat 'n mens op Hollywood konsentreer, eers 'n kort plaaslike geskiedenis. Suid-Afrika het al lelik onder Amerikaanse en Britse regisseurs deurgeloo, veral toe sir Richard Attenborough (wat nog 'n historiese rolprentfiguur, Charles Chaplin, verewig het) die tragiese verhaal van Steve Biko as *Cry Freedom* (1987) verfilm het. In sy pogings om politiek korrek te wees of te wys hoe 'n hekel die wêreld aan apartheid het, het hy meeste Suid-Afrikaners as rassisties

- 
- Leon van Nierop doen reeds vir 25 jaar lank resensies, en is tans resesent van SABC2 se *Pasella*, *Beeld*, *The Citizen*, *Sarie*, *Radiosondergrense* en *Sawubona*. Hy het vyf vollengste TV-reekse geskryf en vyf TV enkel-dramas. Hy werk tans aan sy elfde roman en is ook die skrywer van *Stralerjakkies* wat tans op beide *Radiosondergrense* as radioverhaal en kykNET as TV-reeks uitgesaai word. Hy gee ook klas aan die Filmskool in Pretoria in rolprentanalise en die dramaskool van die Technikon in rolprent-toneelspel.

en agterlik voorgestel. Maar sy grootste flater was om op die verhaal van ‘n Oos-Kaapse koerantredakteur Donald Woods te fokus, terwyl Steve Biko se dood eintlik ‘n bysaak was.

Om die waarheid te sê, was die destydse apartheidsregering se houding so negatief oor *Cry Freedom*, dat mense wat gewaag het om vertonings van die rolprent by te woon, deur die Suid-Afrikanese polisie gefotografeer is toe hulle die teater verlaat het, terwyl die regering probeer het om die rolprent te verban. Die destydse sensuurraad het egter by hul besluit gebly en gesê elke Suid-Afrikaner het die reg om die rolprent te sien en vir homself te besluit. Vele ander buitelandse rolprente oor Suid-Afrika het die waarheid ook maar net te graag verdraai. Die rolprente was gegrond op ware gebeurtenisse, maar die styl waarin dit vertel is, het die vervaardigers of regisseurs se apatiese houdings teenoor Suid-Afrika die supersterre gemaak, nie die persone oor wie die rolprente veronderstel was om te gaan nie. So het Suid-Afrikaners met die dik Amerikaanse aksente van Susan Sarandon en Donald Sutherland (albei puik akteurs) gepraat in die verwerking van André P. Brink se *A Dry White Season* (1989), terwyl die skokkende dood van die politieke aktivis Ruth Slovo ook tweede viool gespeel het in *A World Apart* (1988).

Dalene Matthee se bekroonde boek *Fiela se Kind* het egter ‘n wonderlike aardse, Afrika-kwaliteit aan die geskiedenis gegee in *Fiela se Kind* (1988) wat briljant deur Katinka Heyns verfilm is. Die gruwels van apartheid is aan die hand van ‘n diep menslike storie in al sy skokkende waarheid ontmasker en danksy die briljante spel van veral Shaleen Surtie-Richards as die moederfiguur Fiela vir wie kleur en politiek van geen belang was nie. Vir een van die weinige kere was Suid-Afrikaners trots op die uitbeelding van hul geskiedenis in ‘n rolprent. *Majuba* en *Die Voortrekkers* (1916), dekades gelede, was ‘n ander voorbeeld. Maar die Amerikaners het in *Zulu* (1964) en sy vervolg die bekende stryd waarin 4 000 Zoeloes by Rorke’s Drift deur die Britte oorwin is, ‘n grootskaalse Hollywood voorkoms gegee.

In die jare tagtig het ‘n jong, dapper en dikwels aggressiewe rolprentmaker, Darryl Roodt, ‘n Suid-Afrikaanse perspektief aan ons eie geskiedenis gegee in rolprente soos *The Stick* (1987) en *Sarafina* (1992) (wat in die buiteland gekritiseer is omdat mense gesing en gedans het terwyl ‘n menseslagting plaasgevind het). *‘n Wêreld Sonder Grense* was een van die eerste Afrikaanse rolprente wat dit gewaag het om (sonder hulp van die Weermag) die dilemma van die manne op die grens kaalkop aan te spreek. Die reeks films, *Boetie gaan Border Toe* (die eerste het in 1987 verskyn) se antwoord daarop was om jong Suid-Afrikaners se stryd op die Grens as ‘n grappige stukkie pret uit te beeld. Dit is skrilte kontras met Deon Opperman se toneelstuk *Môre is ‘n Lang Dag*, wat dateer uit die tagtigerjare, waarin van die akteurs na vertonings deur lede van die gehoor aangerand is op pad na hul motors.

‘n Mylpaal in die Suid-Afrikaanse rolprentbedryf se uitbeelding van die gruwels van apartheid is *Mapantsula* (1988) deur Oliver Schmidt, asook die tweede verwerking van Alan Paton se klassieke roman *Cry the Beloved country* (1995). Alhoewel Darryl Roodt ‘n deerniswekkende beeld gegee het van ‘n priester se stryd om menswaardigheid en versoening gedurende die apartheidsjare, het Amerikaanse akteurs (Richard Harris en James Earl Jones) weer die hoofrolle in hierdie rolprent oor die verontmensliking van Afrika gespeel. Selfs die televisieweergawe *Mandela and de Klerk* (1996) het buitelandse akteurs soos Michael Caine gebruik. Suid-Afrika is dus een van die lande wie se geskiedenis die meeste deur Hollywood verdraai is. Hulle het nie noodwendig leuens verkondig nie, maar hulle het die land se geskiedenis ver-Amerikaans en opgetert, sodat die gruwelike waarheid dikwels tweede viool moes speel en die rolprent ‘n baie sterker Amerikaanse as Suid-Afrikaanse kwaliteit gehad het.

Een van die bekendste voorbeelde van ‘n rolprent wat ‘n nasie wakker geskok het oor rassisme in sy eie geskiedenis, was D. W. Griffith se epos *The Birth of a Nation* (1915) wat gehandel het oor die Amerikaanse burgeroorlog - ‘n tema wat tallose ander rolprente, soos die onlangse *Ride with the Devil* (1999), *Glory* (1989) en natuurlik die klassieke *Gone with the Wind* (1939) aangespreek het. Wat Griffith se rolprent so veelbesproke gemaak het, was die onbeskaamde rassistiese ondertone daarin. Dit was so erg dat ‘n bekende rolprentprys aan regisseurs, die D.W. Griffith-prys, se naam onlangs verander is as gevolg van sy boodskap dat baie Negers agterlik en dom was. Griffith se simpatie het in *Birth of a Nation* (1915) by die Suide gelê, terwyl die swart Amerikaner veral as verkragters en geweldenaars uitgebeeld is. Dink aan die berugte toneel waar ‘n swart man een van die heldinne op ‘n krans konfronteer. Alhoewel *Birth of a Nation* beskou word as een van die beste rolprente van alle tye, is dit spesifiek hierdie houding van Griffith wat sy aansien ‘n liederlike rassistiese kleurtjie gegee het.

Charly Chaplin het op sy beurt probeer om ‘n satiriese weergawe van geskiedkundige gebeure te gee. *The Gold Rush* (1939), waarin duisende arm Amerikaners hul rykdom in die Klondikes gaan soek het, het mense tegelyk laat skaterlag maar ook aangegryp. Want dit wys tot watter uiterste die Amerikaners gegaan het om ryk te word gedurende die groot depressie. Selfs Hitler het onder Chaplin deurgeloop in *The Great Dictator* (1941) - ‘n rolprent wat destyds met beide skok en lof begroet is. Ook Mel Brooks het Hitler in *To Be Or Not To Be* (1942) as ‘n geobsesieerde, komiese despoot uitgebeeld. Woody Allen was selfs een van sy (onbewuste) handlangers in *Zelig* (1983). Maar die beste rolprent oor die gruwels van die Tweede Wêreldoorlog en die Hitler regime is beslis Steven Spielberg se *Schindler's List* (1993), oor ‘n man wat ‘n groep Jode van ‘n gewisse dood in die konsentrasiekampe gered het deur hulle in sy fabriek te laat werk. Spielberg is met ‘n Oscar beloon vir sy menslike en deerniswekkende

siening van een man se dapperheid. Daar was egter kritici wat Schindler se goeie motiewe bevraagteken het.

Saam met Viëtnam is die Tweede Wêreldoorlog seker die een gebeurtenis wat die meeste verfilm is. Van gitswart komedies soos *Life is Beautiful* (1998) tot *Hitler, the Last Ten Days* (1973), het regisseurs mense dekades lank herinner aan die grootste massamoord van die twintigste eeu. Ander rolprente wat verskeie aspekte van die oorlog uitgebeeld het, is die onlangse *Saving Private Ryan* (1999) waarin 'n groep Amerikaners, na 'n oorwinning oor die Duitsers, die hinterland invaar wat steeds vrot van die vyand was, om 'n enkele Amerikaanse soldaat te bevry. *Tora Tora Tora* (1970), *From Here to Eternity* (1953) en *The Longest Day* (1962) het eweneens klassieke status bereik oor hul uitbeelding van die aanval op Pearl Harbour en die uiteindelijke beëindiging van die oorlog.

*Sophie's Choice* (1982) het gewys watter bittere en bisare keuse 'n ma (Meryl Streep) moes maak aan die hand van 'n sadistiese Nazi kommandant wat haar tussen hulle eie kinders laat kies het. Deur 'n ware menslike storie te gebruik waarmee fliëkgangers kon identifiseer, het die oorlogsfeite en die geskiedenis skielik 'n "menslike" gesig gekry, nes die meisietjie met die rooi jassie in *Schindler's List*. Dit was nie nou meer 'n klomp gesiglose lyke wat in massagrafte begrawe is nie - hierdie slagoffers het méns geword. Dink maar aan ander rolprente wat dieselfde paadjie geloop het. Daar vele weergawes van die dapper lewe van Anne Frank, waarvan *The Attic: The Hiding of Anne Frank* (1988) maar net een is. Die wyse waarop homoseksuele in konsentrasiekamper gemartel en verneder is, het duidelik na vore gekom in die onlangse *Bent*. Die verhaal oor die soektog na die monsters wat verantwoordelik was vir die menseslagting in *The Boys from Brazil* (1978), is ook reeds aangespreek. Een van die bekendste rolprente oor die geskiedkundige gevolge van die Tweede Wêreldoorlog het gehandel oor die grootste hofsak van die eeu in Neurenberg. Hier is die sadistiese breins agter die menseslagting tot verantwoording geroep in die Oscarwennende *Judgment at Nuremberg* (1961).

Maar nie alle rolprente het die Nazi's as skurke uitgebeeld nie. In Wolfgang Petersen se legendariese *Das Boot* (1981/1997) het hy gewys dat baie jong Duitsers, veral die wat duikbote moes beman, gedwing is om mense te vermoor en vir 'n saak te veg waarin hulle nie geglo het nie. Maar steeds was dit einde niet wat die Tweede Wêreldoorlog betref nie. Met *Fat Man and Little Boy* (1989) is gefokus op die vlieënier wat die bomme op Hirosijima en Nagasaki moes loslaat. (Die werklike vlieënier is vroeër vanjaar oorlede). *Memphis Belle* (1990) het op sy beurt gekyk na 'n groep jong Amerikaanse vlieëniers se dilemma in 'n soortgelyke situasie.

Gehore het egter in hierdie stadium al begin aandui dat hulle genoeg gehad het van die Tweede Wêreldoorlog, en menige van daardie rolprente het nie genoeg

geld gemaak om die tema verder aan te spreek nie. Tot Steven Spielberg *Schindler's List* gemaak het wat die waarheid in strak swart en wit fotografie tuisgebring het.

Omdat Amerika die rolprentbedryf geërf het en oorheers, weet rolprentmakers dikwels baie meer van die Amerikaanse geskiedenis as van hul eie. Abraham Lincoln was een van die mees geliefde Amerikaanse presidente wie se lewensverhaal met groot sorg verfilm is as *Young Mr. Lincoln* (1939) deur John Ford met Henry Fonda in een van sy beste vertolkings ooit. Dit was dan ook kort hierna dat Ford die meesleurende *The Grapes of Wrath* (1940), ook met Fonda in die hoofrol, gemaak het oor die tragedie wat Amerikaanse gesinne uitmekaar geskeur het en hulle gedwing het om na Kalifornië te trek op soek na 'n beter lewe. Selfs die Groot Depressie kon nie die Amerikaanse gesin ontman nie. Ander Amerikaanse presidente wie se geskiedenis deur Hollywood uitgebeeld is, is onder andere Jefferson in *Jefferson in Paris* (1995), Richard Nixon in Oliver Stone se skokrolprent waarin die president eintlik as sy eie slagoffer uitgebeeld is, *Nixon* (1995) met Anthony Hopkins, en J. Pakula se oopvlekking van die Watergate-skandaal in *All the President's Men* (1976) en natuurlik John F. Kennedy in Stone se *JFK* (1992). *Dick* het dit gewaag om op satiriese wyse in 1999 met die Watergate-skandaal te spot.

Kennedy se moord het die Amerikaanse psige in so 'n mate verlam, dat rolprentmakers vandag nog argumenteer oor wat werklik gebeur het op die dag toe hy vermoor is. *The Manchurian Candidate* (1962) en *Winter Kills*, wat elk hul eie teorieë oor die werklike moordenaar gehad het, het mense so geskok dat albei destyds aan teaters onttrek is en eers onlangs weer uitgereik is. Die rol wat Lee Harvey Oswald in sy moord gespeel het, is ook dikwels in verskeie rolprente bevraagteken.

Selfs die Amerikaanse wedloop om eerste maan toe te gaan, is in talle rolprente aangeraak. Die ruimtevaarder is as romantiese held uitgebeeld in die knap *The Right Stuff* (1983), terwyl *Apollo 13* (1995) die waarheid agter die legende vertel het van 'n groep ruimtevaarders wat byna aan die donker kant van die maan gesterf het as gevolg van 'n tegniese fout.

Viëtnam, wat beskou word as een van die grootste foute wat Amerika ooit gemaak het, is seker die een moderne oorlog wat die meeste aandag van regisseurs gekry het. Van Oliver Stone se witwarm woedende *Born on the Fourth of July* (1989), *Heaven and Earth* (1993) en sy klassieke *Platoon* (1986), *Hamburger Hill* (1987) deur John Irvin wat die bloedigste stryd in Viëtnam uitgebeeld het, tot by Stanley Kubrick se meesterlike *Full Metal Jacket* (1987) en Francis Ford Coppola se *Apocalypse Now* (1979), is die geskiedenis van Viëtnam in elke moontlike gedaante uitgebeeld. Dit het selfs 'n tragies-komiese aanslag gekry in Barry Levinson se *Good Morning Vietnam* (1987), waarin die doodstryd deur die oë van 'n radio-omroeper (Robin Williams) vertel is wat sy

eie radiostasie in Viëtnam vir Amerikaners beman het en probeer het om hulle op te beur. Die toneel waar Louis Armstrong se “What a Wonderful World” gebruik word terwyl oorlogtonele afspeel en jong manne na hul dood marsjeer, is seker een van die mees ironiese en aangrypende oorlogtonele in die rolprentgeskiedenis. Dit laat ‘n mens dink aan die gruwelike slag van *Gallipolli* (1981) in Turkye met Mel Gibson in die hoofrol, waar nog ‘n groep jong soldate, die keer Australiërs, letterlik selfmoord gepleeg het deur Gallipolli te probeer verower.

Ander klassieke Viëtnam-rolprente sluit in *Birdy*, *The Saint of Fort Washington* (1993) *Coming Home* (1978), *The Deer Hunter* (1978) en *Jacob’s Ladder* (1990), waarin gekyk is na die sielkundige uitwerking van die oorlog op soldate wat teruggekeer het Amerika toe en deur hul eie land verwerp is nadat hulle hul doel gedien het. Dink ook aan die vergrype wat Amerikaanse soldate in die naam van geregtigheid gepleeg het in Brian de Palma se *Casualties of War* (1989). Hierin het die regisseur gewys hoe die oorlog diere van gewone jong manne gemaak het toe hulle ‘n onskuldige Viëtnamese meisie wreedaardig verkrag en vermoor het. Dieselfde soort skrynende waarheid het ook uit die briewe van troepe in Viëtnam gevloei in *Dear America: Letters from Home* (1988). *Indochine* (1992) met Catherine Deneuve was een van die enigste rolprente wat gekyk het na die begin van die konflik tussen Suid- en Noord-Viëtnam voor die Amerikaners ingemeng het.

Maar Amerikaners het hul geskiedenis ook verglans deur ‘n karakter te skep wat die oorlog eintlik vir Amerika “gewen” het in die persoon van *Rambo*, (Sylvester Stallone). John Rambo was ‘n byna heilige, fiktiewe held wat die Amerikaanse geskiedenis ‘n vals kleurtjie gegee het in *First Blood* (1985) en twee ander vervolge (1985 en 1988). Hy het teruggegaan Viëtnam toe om sy makkers te gaan haal wat nog daar vasgekeer was, en het letterlik die hel uit die Viëtnamese geskiet.

Die Golf-oorlog, die wêreld se eerste televisie-oorlog wat deur CNN op beeld vasgevang is, het ook ‘n satiriese, maar tog ook tragiese kwaliteit gekry in die onlangse *Three Kings* (1999). Hier het drie dapper Amerikaners, teen hul bevelvoerders se wense in, slagoffers van die oorlog probeer help en byna met hul lewens daarvoor geboet. Hier word weer gewys hoe die oorlog gewone mense in monsters kan omskep. *Mash* (1970) het dieselfde satiriese kwaliteit aan die dag gelê oor die oorlog in Korea en *Catch 22* (1970) oor die Tweede Wêreldoorlog.

En dan is daar die geskiedenis van die Titanic wat rooskleurig deur James Cameron verpulp is in die gewildste rolprent van alle tye, *Titanic* (1997), met Leonardo DiCaprio en Kate Winslett. Veel meer aangrypend was *A Night to Remember* (1958) waarin Roy Ward Baker in 1958 verkies het om die skokkende waarheid te vertel sonder mooi mense wat met pragtige grimering in

rolprenttenks verdrink. In hierdie rolprent het dit gegaan om die werklike mense wat aan boord was – nie ‘n fiktiewe popmooi paartjie wat ware liefde in die yskoue water gevind het nie. *Titanic* is selfs as ‘n musiekblyspel op Broadway aangebied!

En so van die verdraaiing van die geskiedenis gepraat ten koste van die loket: die verhaal van Anna Leonowens, ‘n Britse vrou wat as onderwyseres na die destydse Siam (vandag Thailand) gestuur is om die koning se dosyne kinders op te voed, is in ‘n prettige musiekblyspel, *The King and I* (1956) verander. Dit het selfs ‘n animasie-rolprent tot gevolg gehad. Albei rolprente het die Tai-regering so die hoenders in gemaak, dat hulle geweier het dat die rolprent in hul land geskiet word.

Jodie Foster en Chow Yun Fat in die onlangse *Anna and the King* (1999) het beter gevaar, alhoewel me. Foster self erken het dat die karakter wat sy vertolk haar eie rol vergroot het vir ‘n goeie biografie. Sy was dalk nooit so ‘n welsprekende, dapper en inspirerende teenwoordigheid in die paleis van Siam nie. Die koning het in sy outobiografie skaars van haar melding gemaak!

Christopher Columbus het lank in Amerika se onderbewussyn gesluimer voordat twee regisseurs sy ontdekking van die nuwe wêreld in 1492: *The Conquest of Paradise* en *Christopher Columbus: The Discovery* (1992) aangepak het. Nie een van die twee kon daarin slaag om gehore, 500 jaar ná die ontdekking van die kontinent, te inspireer om te gaan kyk nie. Daardie ontdekkingstog was te groot om op film vas te vang, of dalk was die regisseurs te haastig om hul rolprente in 1992 eerste in teaters te kry. Hulle moes by die 1949-weergawe geleer het dat die Amerikaners net van hul geskiedenis hou as daar ‘n grootskaalse geskietery, mooi mense of dramatiese liefdesverhaal bygevoeg word.

Die geskiedenis wat Hollywood dalk die naaste aan die hart lê, is dié van die Wilde Weste. Omdat Los Angeles so naby die woestyn geleë was, het rolprentmakers dikwels in die omgewing verfilm waar cowboys jare gelede ‘n titaniese stryd teen die Indiane gevoer het. Dit het direk tot die stigting van Hollywood gelei. Dit was goedkoop om in Hollywood se agterplaas te skiet, die natuur was asemrowend en die sterre en regisseurs kon saans by die huis slaap. Boonop het baie van die geskiedkundige figure soos Buffalo Bill nog geleef, en kon hulle eerstehandse inligting aan regisseurs gee. Die verhale het aanleiding gegee tot die sogenaamde Western waarin regisseurs soos Howard Hawks, John Ford en later Clint Eastwood supersterre geword het. Verskeie tydperke uit die geskiedenis van die Weste is in glansryke kleur uitgebeeld – maar selde met meer as ‘n asemteugie waarheid. Baie regisseurs het die Wilde Weste verromantiseer. Die dapper, manlike cowboy het gewoonlik sy makkers of ‘n virginale heldin uit die kloue van die nare Indiane gered, sonder om ooit te dink hoe die situasie dalk werklik gebeur het. Daarom dat daar ten minste tien

weergawes van die rol is wat Buffalo Bill en die legendariese Wyatt Earp gespeel het. Earp was een van die sheriffs wat die Weste getem het, maar of hy wel so 'n goedgelewige, stoere, intelligente en wetsgehoorsame burger was soos rolprente soos *Wyatt Earp* (1994) of *Tombstone* (1993) wou hê, is 'n ope vraag.

Die ware lot en dilemma van die Indiane aan die hand van Amerikaanse pioniers is selde uitgebeeld, omdat die Amerikaanse gewete maar baie kleinserig was oor die wyse waarop die Indiane hul land ontnem is. Dit het alles begin gedurende die bekende stormloop van waens deur Ierse immigrante, soos uitgebeeld in Tom Cruise en Nicole Kidman se hoogs romantiese en verglansde *Far and Away* (1992).

Die Amerikaner is amper vergoddelik in die wyse waarop hy “beskawing” na die “wildernis” gebring het. ('n Tema wat ook in die Suid-Amerikaanse *The Mission* (1986) deur Roland Joffé aangeraak is waar die Portugese kolonialiste Indiane nodeloos uitgewis het omdat hulle “barbare” sou gewees het). Maar min Amerikaanse regisseurs het dit gewaag om hul eie volksgenote te kritiseer vir die manier waarop hulle massamoord gepleeg het. John Ford, wat altyd aan die kant van die cowboy was, het vir die eerste keer in *Cheyenne Autumn* (1964) aan die einde van sy loopbaan gewys wat werklik gebeur het.

Clint Eastwood het in die jare negentig ook gewaag om die glans van die Westerse geskiedenis af te krap en dié speelplek van die Cowboys uit te beeld as 'n koue, dor niemandsland waar mense mekaar dikwels sinneloos, en sommer “vir die lekker” vermoor het. Ander regisseurs soos Kevin Costner het dieselfde in die Oscarwennende *Dances With Wolves* (1990) gedoen waar 'n soldaat so onder die indruk van die tragedie van die Indiane gekom het, dat hy een van hulle probeer word het en selfs met 'n Indiaanse vrou getrou het. *Geronimo* het die geskiedenis van hierdie bekende Indiaanse hoofman in perspektief gestel en vir die eerste keer sy kant van die saak gewys, anders as ander rolprente wat hom altyd as 'n gewelddadige moordenaar uitgebeeld het. Maar oor die algemeen is die geskiedenis van die Wilde Weste besaai met die lyke van “bose” Indiane, soos in John Ford se meesterlike *The Searchers* (1956), *She Wore a Yellow Ribbon* (1949), en ander Westerns soos *The Alamo* (1960), *How the West was Won* (1962), *Fort Apache* (1948), *Rio Grande* (1950) en *The Iron Horse*, waarin John Ford in die subteks gewonder het of die koms van die trein na die Weste werklik so 'n goeie ding was.

Hollywood het gelukkig nie te dikwels hul tone in die yskoue water van die Britse see gestee nie. David Lean het dit wel gewaag om die Russiese Revolusie te gebruik as die agtergrond vir die liefdesverhaal van *Dr. Zhivago* (1965) en sy geliefde Lara, terwyl hy die veroweraar en “redder van die Arabiere”, T.E. Lawrence, as 'n ikoon verewig het in die meesterlike *Lawrence of Arabia* (1962). Van die feit dat Lawrence dalk homoseksueel was en verhoudings met jong manne gehad het, is nie 'n woord gerep nie.



Stanley Kubrick wou nog altyd ‘n rolprent oor Napoleon maak, maar is dood voordat hy daardie ideaal kon verwesenlik. Napoleon is dan ook een van die historiese figure wat die meeste deur rolprente uitgebeeld is. Een van die duurste rolprente van alle tye, *Waterloo*, het hoeka Napoleon se dramatiese val uitgebeeld en talle ander rolprente het sy rol in die wêreldgeskiedenis bestudeer. Verskeie weergawes van *War and Peace* (1956, 1958) het elk hul eie siening van Leo Tolstoy se klassieke roman gegee. In sommige films is Bonaparte as die antichris uitgebeeld, in ander die slagoffer van sy eie magsbeheptheid. En daar was ook regisseurs wat dit gewaag het om na sy verhouding(s) te verwys. Hier is hy oor die algemeen as ‘n mislukking in die bed maar ‘n meester op die slagveld gewys.

Ander geskiedkundige figure wat onder die lens deurgeloopt het, was die despoot Genghis Khan en ontdekkingsreisigers soos Marco Polo in die hoogs aangeskrewe *The Adventures of Marco Polo* (1949). Selfs die brawe Hannibal wat met olifante oor die Alpe getrek het, se verhaal is verewig in *Hannibal Brooks* (1981) wat gespog het met ‘n uitmuntende klankbaan wat die heroïese eienskappe van Hannibal op byna sentimentele wyse beklemtoon het. Die moord op Leon Trotsky het baie kritiek ontlok in *The Assassination of Trotsky* (1972), terwyl die tragiese verhaal van tsaar Nicholas en sy vrou Alexandra, en die rol wat Rasputin in hul lewens gespeel het, Oscars gewen het in *Nicholas and Alexandra* (1995).

Ongelukkig het die verhaal van hul enigste “oorlewende dogter” Anastasia te dikwels onder die Hollywoodse tikmasjiene deurgeloopt. Nadat dit uiteindelik bevestig is dat die meisie wat haar as Anastasia voorgedoen het ‘n indringer was, het Hollywood opgehou om haar lewe in verskeie gedaantes te verfraai. Maar tog was daar ‘n hele paar romantiese rolprente oor haar, onder andere ‘n tekenprent wat met fraai liedjies en ‘n belaglike naïewe storie amper die spot met hierdie geskiedkundige verhaal gedryf het. *Pocahontas* (1998), die Indiese meisie wat ‘n verhouding met ‘n Amerikaanse offisier gehad het, is nog ‘n voorbeeld. Dan is daar ook die boggelrug van Notre Dame, Quasimodo, wat ook in prettige tekenprentjies verander het. In hierdie films was daar standbeelde en Indiane wat lawwe Amerikaanse liedjies gesing het wat weinig met die waarheid te make gehad het. Daar was darem ander weergawes wat meer respek teenoor die ware verhaal getoon het, soos *The Hunchback of Notre Dame* met Charles Laughton in 1939. Hierdie was die beste van die drie verfilmde weergawes wat die lig gesien het (1957 en 1996).

Ander geskiedkundige figure was Caligula, waarin *Penthouse* tydskrif pornografiese tonele tussen die reeds verfilmde tonele geplaas het, *Cleopatra* (1963), een van die vele rolprente oor die Egiptiese legende as die duurste fliek van alle tye met Elizabeth Taylor en Richard Burton as Antonius, Julius Caesar, William Shakespeare in die romantiese *Shakespeare in Love* (1998), Mussolini in Franco Zeffirelli se *Tea with Mussolini* (1999), en ‘n oorromantiese weergawe

van die bekering van St. Franciscus van Assisi in *Brother Sun, Sister Moon* (1973). Hier het Zeffirelli probeer om sint Franciscus en die heilige Claire as middeleeuse hippies uit te beeld, kompleet met hippie-musiek deur Donovan en pragtige prentjies van blomme en skoelappers. Blommekinders het destyds na die rolprent toe gestroom, maar vandag giggel mense as hulle uittreksels daaruit sien.

Jeanne d'Arc se verhaal is ook al dikwels in rolprente vertel. So het Jean Seberg (wat later selfmoord gepleeg het) werklike brandwonde opgedoen in Otto Preminger se weergawe van haar lewe. Milla Jovovich het ook in die moderne Luc Besson-weergawe onder die vlamme deurgeloop, maar in hierdie geval die brandende penne van resensente wat gedink het sy's te lig in die broek vir die rol. Ingrid Bergman word beskou as die beste keuse vir die rol van Jeanne in Victor Fleming se 1948-weergawe.

Dink ook maar hoe baie historiese figure uit Shakespeare se pen die silwerdoek getref het. Daar was streng klassieke weergawes van hul verhale (Kenneth Branagh se *Henry V* (1989) en *Hamlet* (1996)), groteske geweldorgies (Roman Polanski se *Macbeth* (1971)) en moderne aanpassings soos die post-modernistiese *William Shakespeare's Romeo and Juliet* (1996) deur Baz Luhrman, waarin karakters modern aangetrek het, alhoewel hulle steeds Shakespeare se taal gepraat het. Daar was selfs 'n moderne aanpassing van die verhaal van Koning Lear in *A Thousand Acres* (1997), waarin 'n Amerikaanse pa sy grond aan die verkeerde dogter nalaat.

Die Bybel is seker die boek wat die meeste deur Hollywood verfilm is. Voorbeelde is Cecil B. de Mille se reuse-epose (waarin ekstras gesterf het gedurende massatonele) en die moderne en hoogs kontroversiële uitbeelding van satan wat Christus probeer verlei het in *The Last Temptation of Christ* (1988) deur Martin Scorsese - 'n rolprent wat maar eers onlangs in Suid-Afrika ontban is. *Ben Hur* (1959), *King of Kings* (1961), *The Greatest Story Ever Told* (1965), *The Shoes of the Fisherman* (1968), *The Ten Commandments* (1956), *The Robe* (1953) en verskeie ander rolprente het Bybel-figure feitlik onherkenbaar verander en verromantiseer. En waar regisseurs aan die begin sku was om Christus deur 'n akteur te laat speel (net sy voete, kleed of silhoeët is gewys) het, dit later mode geword om die rol van Christus op jou CV te kon plaas. Een van die mees suksesvolle en gerespekteerde weergawes van die Bybelse verhaal is Franco Zeffirelli se *Jesus of Nazareth* (1977) wat aanvanklik as 'n televisiereeks geskiet is, maar ook as 'n vier uur-lange rolprent vertoon is.

Filosowe, wetenskaplikes en medici het ook die Hollywood-behandeling gekry. Marie Curie is deur Greer Garson in 1943 gespeel in *Madame Curie* en Eugene Marais en A.G. Visser se vriendskap is op briljante wyse deur Ross Devenish verfilm as *The Guest* (1976). Die heroïese rol wat dr. Agaki gedurende die Tweede Wêreldoorlog gespeel het, is aan 'n breër gehoor bekend gestel in die

onlangse *Dr. Agaki* (1998), terwyl Einstein se breinkrag selfs in komedievorm gestalte gekry het in die fiktiewe *Young Einstein* (1989). Selfs Graham Bell is vereer vir sy uitvindsel (die telefoon) in *The Story of Alexander Graham Bell* (1939), terwyl Martin Luther King ook sy beurt gehad het in *Luther*.

Een van die beste en mees emosionele biografieë ooit oor 'n historiese figuur, is Spike Lee se dramatiese en persoonlike *Malcolm X* (1995), waarin gehore uitgestorm het nadat hulle die rolprent as rassisties uitgekryt het, net om die laaste gedeelte waarin hierdie politieke aktivis die kloof tussen wit en swart probeer oorbrug, te mis. Lee se *Summer of Sam* (1999), waarin hy gekyk het na die invloed van die reeksmoordenaar, Son of Sam op New York, was egter byna grotesk oordryf en het mense van die onderwerp vervreem, in plaas daarvan om hulle 'n insig te gee in wat werklik gebeur het. Vreemd dat Lee enersyds so 'n knap, sober rolprent oor een geskiedkundige figuur kan maak, en andersyds totaal oorboord kon gaan en 'n moordenaar se terreurbestaan in 'n byna lagwekkende, kamp rolprent kon verander.

Sigmund Freud het ook al deurgeloop, onder andere in die Montgomery Clift-weergawe van sy lewe, terwyl C.G. Jung ook nie die Hollywood ontleedmessie vrygespring het nie. Nie een van daardie rolprente is egter hoog aangeskryf nie, omdat regisseurs die feite of verdraai of verglans het in 'n poging om geld te maak.

Daarom kon die Britte self hul eie geskiedenis met meer sukses as die Amerikaners verfilm. Eerste op die lysie is die mens se ontdekking van vuur in die unieke *Quest for Fire* (1982) waarin Jean-Jacques Annaud gekyk het hoe ons oervoorvaders die yskoue Europa oorleef het. Met 'n duisendjarige geskiedenis as vertrekpunt het die Britte hulde aan feitlik elke Britse koning, ridder of eerste minister gebring. Van die legende van Koning Arthur in rolprente soos *Excalibur* (1981), tot die Hollywood-weergawe van Robin Hood – *Prince of Thieves* (1991) waar Kevin Costner van die rykes gesteel het om aan die armes te gee, was die Britse geskiedenis oor die algemeen loket-treffers.

Die stoere koning Hendrik II het sy vrou Eleanor van Aquitaine in die toring van 'n kasteel opgesluit in *The Lion In Winter* (1968) en Becket en koning Henry II (kleinseun van Willem die Veroweraar) het koppe gestamp in *Becket* (1964). Hierdie godsdiens-ikoon is uiteindelik in Canterbury vermoor deur die onderdane van die koning. Die rolprent is baie goed ontvang, en het sy sukses te danke aan Jean Anouilh se geskiedkundige toneelstuk waarop dit gegrond is. Peter O'Toole as die koning en Richard Burton as Becket het albei kragtoere gelewer. Dieselfde soort historiese tema is in *A Man for All Seasons* (1966) aangepak deur sir Paul Scofield wat 'n Oscar gewen het. Hier het koning Hendrik VIII legendariese botsings met sir Tomas Moore omdat die koning wou skei en die Katolieke kerk dit nie wou toelaat nie. In *The Charge of the Light Brigade* (1936) is een van die grootste flaters in die Britse militêre geskiedenis

ontmasker wat derduisende lewens gekos het. Ook hierdie rolprent is gekritiseer omdat die regisseur Tony Richardson meer behep was met tegniese besonderhede as geskiedkundige akkuraatheid. Koningin Elizabeth I het haar beurt gekry om op die silwerdoek verewig te word in die vleierende *Elizabeth*, waarin daar beweer word dat die Britse koningin 'n tydperk van ongekende groei en trots in die Britse ryk ingelei het. Daar was ook *The Private Lives of Elizabeth and Essex* en *Elizabeth* (1998), *Mary, Queen of Scots* (1971) en talle rolprente wat hulle vergaap het aan die wellustige en by tye waansinnige Koning Hendrik VIII. Dink aan *Anne of the Thousand Days* (1969) en *Henry VIII and his Six Wives*. 'n "Mal" Britse koning, George III (Nigel Hawthorne) wat aan 'n hormoon-wanbalans gely het, het in *The Madness of King George* (1995) die lig gesien. Die regisseur Nicolas Hytner is geprys vir sy simpatieke siening van die arme ou koning se siekte en die wyse waarop geskiedkundige waarheid uitgebeeld is.

*Merry Christmas Mr. Lawrence* (1982) is deur resensente beskryf as "die denkende rolprentganger se weergawe van die geskiedkundige *The Bridge on the River Kwai* (1957), toe die Japannese probeer het om Britse krysgevangenes na hul wil te buig. *Lion of the Desert* (1979) het by die loket misluk toe dit die verhaal van Omar Mukhtar vertel het en die Italiaanse pogings om Libië in 1932 oor te neem. Hier het Oliver Reed as generaal Graziani hard probeer om die Bedoeïene onder Mukhtar te oorwin. Vir Amerikaanse en Britse gehore was die storie in 1981 nie interessant genoeg nie, sodat hierdie peperduur oorlogprent klaaglik misluk het.

Maar nie alle "geskiedkundige rolprente" beeld noodwendig 'n ware geskiedkundige gebeurtenis uit nie. Die Oscarwennende *American Beauty* (1999) is die eerste rolprent sedert *Ordinary People* (1980) wat dit waag om die geskiedenis van die Amerikaanse gesin tot op die been oop te vlek. In hierdie meesterstuk sê Sam Mendes, die regisseur: die gesin was nog altyd die hoeksteen van die Amerikaanse Droom. Vele geskiedkundige figure het al hul loopbane en lewens op die fondament van hul gesinne gebou, en as daardie fondament kraak, stort hul loopbane (en in baie gevalle, geskiedenis) ook in duie. Sonder die gesin sou daar amper nie 'n geskiedenis gewees het nie. Dit is dus duidelik hoe belangrik hegte gesinsbande vir die Amerikaners is!

Die tragedie van Oscar Wilde is ook al 'n paar keer uitgebeeld, onder andere in *The Trials of Oscar Wilde* en later in *Wilde* (1997) deur Brian Gilbert. Dit word beskou as die beste uitbeelding van die ware verhaal van 'n homoseksuele filosoof, digter en skrywer wat getrou het, op 'n jonger man verlief geraak het en tronk toe gegaan het daarvoor. *Gods and Monsters* (1998) het op sy beurt die geskiedenis van die gay rolprentmaker, James Whale, en sy invloed op die rolprentbedryf knap vergestalt. Sonder hom was daar dalk nooit 'n rolprentweergawe van Mary Shelley se fiktiewe Frankenstein nie. Selfs die geskiedenis van 'n man in die liggam van 'n vrou, Teena Brandon, wat haarself

as Brandon Teena voorgedoen het en verkrag en vermoor is toe haar vriende agterkom sy is eintlik 'n vrou, is treffend uitgebeeld in *Boys Don't Cry* (1999). Van die mense op wie se lewens hierdie rolprent gegrond is, onder andere Brandon se vriendin, het egter beswaar gemaak oor die wyse waarop hulle lewens glo "vervlak" is. Nogtans bly *Boys Don't Cry* 'n gruwelike aanklag teen mense wat die onbekende vrees en onverdraagsaamheid.

Daar is nog talle voorbeelde van geskiedkundige gebeure wat in Hollywood-taal 'n splinternuwe gedaante gekry het. Steven Spielberg se weergawe van die herinneringe van 'n jong seun in 'n Japannese konsentrasiekamp in *Empire of the Sun* (1987) het op tipiese Spielbergiaanse wyse 'n bietjie met die waarheid gesmokkel – sodat massatonele en skouspel die botoon gevoer het en die waarheid nie altyd sy regmatige plek ingeneem het nie. Solank Hollywood bestaan, sal hy met die geskiedenis op sy eie unieke wyse flankeer. Selfs president Bill Clinton het al deurgeloop in *Wag the Dog* (1997) en *Primary Colors* (1998).

'n Mens wil amper sê dat Hollywood deesdae die geskiedenis skryf nog voor dit gebeur het, want sodra enige gebeurtenis wat dalk van geskiedkundige belang is, gebeur, koop vervaardigers regte op daardie verhaal. Die vraag is net: hoeveel is waar en hoeveel verdigsel?

### *Abstract*

#### The appearance of the historical fact on film: Synthesizing truth and fabrication

The film making industry has always had a passion for glitter. Consequently it would seldom let truth stand in the way of a good story. In the article there is an explanation of how history has been coloured in by the film industry. A variety of themes, ranging from South African films, films dealing with South Africa, war, peace, historical figures, politics and social trends are discussed. By means of references to films, from the beginning of the twentieth century up to the present, there are indications that a wealth of historical information is hidden in the medium of film.

The conclusion is made that nowadays there are attempts at recording history before it even happened. By recording the event of historical significance the film makers in fact buy the rights to that story. The question however persists: How much is true and how much is false?